Jy kan die trotste eienaar van 'n kunstige bankie, soos hierdie een deur XYZ (Edms) Bpk, word, én iets doen vir liefdadigheid. **Foto: VERSKAF**

Bie op kunstige banke ten bate van Reik na 'n Droom

DIE BenchArt-projek, nou in sy tweede jaar, sal weer kunsliefhebbers en filantrope opgewonde maak.

Dié projek vorm deel van die Cape Homemakers Expo, wat van vandag tot Sondag 2 September by die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum (Kiks) plaasvind. Alle geld wat deur die kunsprojek ingesamel word, word geskenk aan Reik na 'n Droom. Bekende kunstenaars, ontwerpers en maatskappye, insluitend Bangkok Blondes, Caera O'Shaughnessy, Elizabeth Janse van Rensburg, Frik Myburgh, Johann Rissik, Mandela Park Mosaics, H. Martin F. Schulz, Kobus Dippenaar, Lourens Barnard, Mosaic Works, Murg, Newly Defined, Red Hot Glass, Roelie van Heerden, Silas & Cheryl Loubser, Vivien Kohler, what if the world . . . en Dot Dot Dot Ex Why Zed, is genooi om 'n voorafvervaardigde bank te versier nes hulle wil.

"Ons was regtig in ons noppies met die reaksie van voornemende deelnemers. Hulle was gretig om deel te wees van dié projek en opgewonde oor die konsep. Die bankies is weer fantasties – ek kan steeds nie glo hoeveel moeite gedoen is nie. 'n Groot dankie aan al ons deelnemers," sê mnr. John Leyden, besturende direkteur van Homemakers Fair (Cape) (Edms) Bpk. en organiseerder van die skou.

Die bankies sal vir die verloop van die skou te sien wees en besoekers word genooi om te bie op hul gunsteling-ontwerpe. Bievorms is by die inligtingstoonbank in die galery beskikbaar. Die hoogste bieër vir elke bank sal die trotse eienaar daarvan word. Moenie die opwindende tentoonstelling misloop nie.

Kaartjies vir die Cape Homemakers Expo kos R45 per persoon, kinders jonger as 12 betaal nie en pensioenarisse betaal slegs R25.

Skakel ☎ 021 465 2200 of besoek www.homemakersfaircape.co.za vir meer inligting.